

# Les 1 - Johannes 'n dieper kyk

Teks:

1. Johannes 13: 22 - 23,
2. Johannes 20: 20 - 31
3. Johannes 21:23

## 1. Inleiding

Voor ons in diepte met die eerste hoofstuk wegval wil ons vandag kyk na die agtergrond inligting (Besondere Kanoniek). Want alhoewel ons glo dat die Hele Bybel God se Woord is, weet ons dat die Here dit ook op 'n bepaalde plek en tyd deur mense op skrif laat stel het. Ons kyk na hierdie tyd, mense en gebeure.

## 2. Die Outeur

Daar word wyd aanvaar dat die Outeur van die boek Johannes die apostel was. Alhoewel dit nie eksplisiet in die begin van die boek genoem word nie, is daar genoeg interne bewyse hiervoor. Een van die klassieke bewyse word die vyf punte van outerskap genoem. Dit lei as volg: Die outeur was 'n Jood, van Palestina, 'n ooggetuie en een van die twaalf. Met ander woorde niemand anders as die apostel Johannes nie. In nederigheid verwys Johannes nooit na homself nie. Hy gebruik die uitdrukking: "Die dissipel wat Jesus liefgehad het" (vgl Joh 13:23).

## 3. Datum en plek geskryf

Daar word gedebateer dat enige datum tussen 55 N.c en 95 N.c. moontlik is. Die openbaring in Johannes 21:23 gee aanleiding tot 'n baie laat verstaan van die skryf van die evangelie. Die mees logiese datum is omtrent 85 N.c. Dit berus op die volgende. Daar is goeie tradisie dat Johannes baie oud geword het. Hy is omtrent in 98 N.c oorlede. Daar is ook goeie getuies dat hy wel die laaste persoon was om 'n evangelie te skryf.

Die tradisionele siening is dat die Johannes evangelie in Efese geskryf is. Dit is na bewering waar Johannes die laaste dae van sy lewe deurgebring het. Daar is geen ander plek wat sterk ondersteuning van die Kerkvaders het nie.

## 4. Doel van Johannes

Die doel van die Johannes evangelie word vir ons weergegee in Joh 20: 20 - 31. As ons hierdie verse bestudeer dan sien ons geloof is die doel van die geskrif. Dit impliseer die skep of wek van nuwe geloof, en natuurlik die versterking van huidige geloof.

## 5. Toeloggiese klem in Johannes

Johannes se openbaring oor wie Jesus is lê sentraal tot die hele evangelie. Die volmaakte gehoorsaamheid van Christus aan die Vader impliseer dat die woord van die Vader geopenbaar word. Daar is 'n sterk opbou na die kruisiging en die redding in die kruisiging. Johannes plaas meer klem op nie verstaan of misverstaan in die evangelie. Daar is baie debat oor die afwesigheid van die sakramente in die evangelie.

## 6. Struktuur

I. DIE PROLOOG (1: 1-18)

II. Jesus se selfopenbaring in woord en daad (1: 19-10: 42)

A. Inleiding tot Jesus se openbare bediening (1: 19-51)

B. Vroeë bediening: tekens, werke en woorde (2: 1-4: 54)

C. Opstandige opposisie: meer tekens, werke en woorde (5: 1-7: 52)

Ekskursie: die vrou wat in owerspel gevang is (7: 53-8: 11)

D. Radikale konfrontasie: klimaktiese tekens, werke en woorde (8: 12-10: 42)

III. OORGANG: LEWE EN DOOD, KONING EN LYDENDE DIENSKNEG (11: 1-12: 50)

A. Die dood en opstanding van Lasarus (11: 1-44)

B. Die geregtelike besluit om Jesus te vermoor (11: 45-54)

C. Triomf en naderende dood (11: 55-12: 36)

D. Teologie van ongeloof (12: 37-50)

IV. Jesus se selfopenbaring in Sy kruis en Sy verheffing (13: 1-20: 31)

A. Die laaste aandete (13: 1-30)

B. Die afskeidsgesprekke: deel een (13: 31-14: 31))

C. Die afskeidsgesprekke: deel twee (15: 1-16: 33)

D. Die gebed van Jesus (17: 1-26)

E. Die verhoor en kruisgebeure van Jesus (18: 1-19: 42)

F. Die opstanding van Jesus (20: 1-31)

V. EPILOOG (21: 1-25)

A. Jesus verskyn aan sy dissipels by die see (21: 1-14)

B. Jesus, Petrus en Johannes (21: 15-24)

C. Die grootheid van Jesus (21:25)

## 7. Bron:

1. Carson, D. A. (1991). Die evangelie volgens Johannes. Leicester, Engeland; Grand Rapids, MI: Inter-Varsity Press; W.B. Eerdmans.